

Maandag 31 Mei

Skrifgedeelte: Klaagliedere 4:1
– 5:22

Fokusgedeelte: KLaagliedere
5:21

Die HERE sal sy grimmigheid laat uitwoed en toorn gloed uitgiet

Daar is nie iets erger denkbaar as dat die HERE sy grimmigheid oor 'n land en volk laat uitwoed en sy toorn gloed daarop uitgiet nie. Een van die meer bekende voorbeelde waar die HERE dit doen, is Sodom en Gomorra – in 'n oomblik is alles en almal totaal en al verteer. Nou hoor ons dat die ongeregtheid van die verbondsvolk groter was as die sonde van Sodom (4:6). Hulle was ontrou aan die HERE, het op afgode vertrou en sodoende verderflik geword. Na jare van lankmoedigheid en aanhoudende oproepe tot bekering het die HERE uiteindelik sy grimmigheid op sy eie volk laat uitwoed (4:11).

Vroeër het die volk aansien gehad as die volk onder wie die HERE woon. Nou is die aansien weg, want die berg Sion lê verwoes en is die woonplek van jakkalse (5:16-18). In die lig van die HERE se ewige heerskappy (5:19) vra Jeremia of die HERE sy volk vir ewig gaan vergeet en verlaat? Is hierdie 'n ewige grimmigheid? Is hierdie 'n ewige toorn gloed, HERE? Is dit totale verwerping en is U toorn teen ons alte groot (5:22)?

As die HERE hierdie doen met sy eie volk, wat gaan Hy doen met vandag se mensdom wie se ongeregtheid en sonde selfs nóg groter is? Daar is wel hoop, want volgens 5:21 gaan die HERE sommige tot Hom bekeer en vernuwe. Dit praat van die wedergeboorte wat die Gees bewerk. Hy maak van mense wat geestelike doodsbeendere is, lewende gelowiges wat in Jesus vertrou vir hulle redding. Jesus is hulle Hoëpriester wat tussen die gelowiges en die HERE se grimmigheid en toorn gloed gaan staan. Die ewige toorn gloed word op Hom uitgewoed aan die kruis sodat die gelowiges nie ewig verteer word nie, maar ewig by en vir Hom kan lewe.

Sing: Psalm 38-1:3, 17

Ds. DJ Malan (Danie) (Uitschot)